

Christus se huis is sy koninkryk en ons is sy huis.

Ds. PJ Kriel

11.06.2023

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen God se voorsienigheid as die krag waardeur Hy sy hele skepping volgens sy wil regeer en sy koninkryk as sy kerk waar Hy sondaars in sy liefde insluit en laat leef. Dit wys ook hoe spirituele leiers van God se voorsienigheid sy koninkryk maak sodat gelowiges nou God se koninkryk buite sy kerk moet gaan soek – in gemeenskapsdiens en politiek. Dit doen hulle met die skeiding van God se liefde en God se heerlijkheid. Hiervolgens kan gelowige God se liefde in sy kerk vind, maar sy heerlijkheid moet hulle in die wêreld buite die kerk gaan vind.

Skriflesing Hebreërs 1: 1 -4, 2: 10 – 18, 3: 4 – 6, 10: 10 – 18.

Teks Heb. 3: 6 b “ Ons is sy huis as ons bly vashou aan die vrymoedigheid en die hoop waarop ons ons beroem.

Tema Christus se huis is sy koninkryk en ons is sy huis.

1. Is ons die Here se huis of is ons die Here se besigheid? Want as ons sy huis is. Is ons sy kinders maar as ons sy besigheid is, is ons sy personeel en beamptes.

Daar is 'n groot verskil tussen 'n sakebedryf en 'n huis wat jou tuiste is. Dit is twee verskillende ondernemings wat deur twee verskillende soorte kragte geskep en onderhou word. Die krag om 'n besigheid te skep. Op te bou, te onderhou en te bedryf is 'n ander krag as om 'n gesin te skep as tuiste waar jy in liefde met jou gesin saamleef.

Die boek Hebreërs maak hierdie duidelike verskil tussen hoe en waardeur die Here Jesus die skepping geskep het en onderhou en hoe die Here Jesus sy huis skep en getrou in sy liefde is met sy huisgesin. In 1: 3 en 4 word gestel dat deur die Here Jesus alles wat bestaan geskep is en deur sy magswoord instandhou. In vers 3 word gestel dat Hy deur sy lyding en opstanding sy mag geskep het om sy huisgesin te bou en as Here getrou te wees oor sy huisgesin, sy kerk. (3: 3 – 6)

Die Here se huisgesin is sy kerk. God self is deur die lyding en opstanding van Christus die Bouer van sy huisgesin, sy kerk. En ons as gelowiges is sy huis. Sy huis is nie 'n gebou of 'n erediens nie, maar hulle wie in hom glo.

2. Die krag waardeur Christus alles wat bestaan geskep en het vandag nog steeds onderhou is sy magtige woord. (1:3) Christus is die Woord van Genesis 1 net soos Johannes dit as die opening van sy evangelie aankondig: In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was god. Hy was in die begin by God. Alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan ontstaan nie.” (Joh. 1:1 – 30)

Ons moet Christus as Here en God só ken: Hy is die Here wat sy besigheid, die skepping, gemaak het en onderhou. Die skepping is die Here se besigheid as sakeman.

Christus se huis is sy koninkryk en ons is sy huis.

Hebreërs beskryf die voorsienige krag van die Here Jesus as in standhouding van die skepping. (1: 3) Ons kan in Levubu die duidelike verskil sien tussen privaatplase wat in stand gehou word en staatsplase wat nie in stand gehou word nie.

Die privaatplase lyk nie maar net soos hulle lyk en is nie maar net soos hulle is nie. Dit word daagliks deur 'n boer se krag instandgehou. Waar 'n boer nie alles in stand hou nie verval alles en raak die plaas net weer 'n stuk grond. Net so! Sou Christus nie elke dag alles in die skepping deur sy voorsienige kraag in stand hou nie, sal die hele skepping net weer woest en leeg word soos aan die begin. (Gen.1:1) Hierdie instandhouding bely die NG Kerk in sy geloofsbelydenis soos volg: "Ons glo dat die Goeie God nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar het of aan toeval of geluk oorgegee het nie, maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in die wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie."

Die instandhouding van die hele skepping is die Here Jesus se besigheid – sy onderneming en sy bedryf wat Hy elke dag met sy voorsienige krag bestuur en regeer.

3. Ons as kerk is nie die Here se besigheid nie. Ons is sy huis in die sin dat ons sy huisgesin is. (Heb.3: 6) 'n Huisgesin gaan oor kinders. Ouers sonder kinders is nie 'n gesin nie. Die Here se huis gaan oor kinders: hy vir wie en deur alles ontstaan het wou baie as sy kinders tot heerlikheid lei.. (Heb. 2: 10)

Die Here as sakeman wou 'n huisgesin met baie kinders hê. Kinders wat in die heerlikheid deel dat hulle en hul liefde vir God heilig is (2: 11) en vir God se liefde vervolmaak is. (2:11, 10:14) Heerlikheid beteken nie kinders sonder foute, nukke, wangedrag en grille nie, maar deur God geheilig vir sy liefde en hul liefde vir God geheilig. God laat sy huis, sy kinders volmaak wees vir sy liefde.

Hoe vervolmaak God sy kinders vir dy liefde?

Christus wat self God is, deur wie alle dinge ontstaan het, die uitstraling van die heerlikheid van God is en die ewebeeld van die wese van God is (Heb.1: 2,3), het is elke opsig ook mens geword, vlees en bloed geword, nes hulle wie Hy as sy kinders wou verheerlik. (Heb.1: 14, 17) Hy is as mens van vlees en bloed versoek om sonde te doen, maar het geen sonde gedoen nie, sodat Hy sy kinders wat versoek word en aan sondes toegee kan help. (Heb. 2:18)

Die wyse waarop die Here hulle help wat versoek word en aan versoekings toegee, is om as die mens wat aan geen versoeking toegee het nie, die offer te wees vir hulle wat aan sondes toegee. (Heb. 2: 17,18) So verheerlik die Here sy kinders. Hulle en hul gebroke liefde is vervolmaak vir sy liefde (Heb. 2: 10) en hoef self nooit weer een enkele offer vir hul sondes te bring nie. (Heb.10: 10, 18)

4. Watter een is God se koninkryk, sy besigheid, die skepping wat hy deur sy voorsienige krag onderhou of sy huisgesin, sy kinders? God se hart is waar sy huis is, nie sy besigheid nie. En waar sy hart is sy koninkryk, daar waar Hy vir sy liefde, nie sy besigheid verheerlik word!

Christus se huis is sy koninkryk en ons is sy huis.

Dit openbaar Heb. 1: 3 duidelik. Christus se koninkryk is om aan die regterhand van die Vader te sit en Here te wees aan die regterhand van die Vader. Hoe Hy regeer aan die regterhand van die Vader is om die reiniging van sondes wat Hy bewerk het deur sy lyding, kruisiging en sterwe nou aan sy kinders te gee. (1:3) Hierdie reiniging van sondes gee Hy as vergifnis aan sy huisgesin, nie in sy besigheid nie. In sy huisgesin is Hy die barmhartige en getroue Hoëpriester, nie in sy besigheid nie. Sy koninkryk is waar Hy sy kinders verheerlik deur sy liefde aan hulle te gee en hul gebroke liefde vir Hom heilig te laat wees in sy kerk, nie in sy skepping nie.

God se skepping en die voorsienige krag waarmee Hy elke dag sy skepping onderhou is nie sy huis, sy koninkryk nie. Jesus Christus is nie vir sy skepping 'n barmhartige en getroue Hoëpriester nie. Hy het nie die reiniging van sondes vir die skepping bewerk nie, maar vir die kinders van Abraham. (Heb. 2:16) Die Here Jesus het nie gely, was nie gekruisig en het nie gesterf om die sonnestelsels en galaksies beter te maak as wat Hy dit gemaak het of om beter beheer te kry daarvoor nie. Dit was goed gemaak en is vandag nog goed. (Gen. 1: Net so het die Here nie vir die sondes van plante, voëls en diere gesterf nie, Nog minder om hulle beter, meer gehoorsaam of meer onder sy beheer te kry nie. Niks in God se skepping is buite sy beheer, bestuur en versorging op so wyse dat Hy deur sy menswording meer mag oor die skepping moes kry nie.

God wou ook nie kinders die heerlikheid gee om sy beheer, besluite en versorging van sy skepping beter of meer te maak nie. God verheerlik sy kinders deur hulle vir sy liefde volmaak te laat wees en hul gebroke kinderlike liefde vir Hom heilig te laat wees. God het in en deur Jesus Christus vir Hom kinders gemaak om in sy liefde te leef, Hy het nie mense verheerlik om die direkteure, bestuurders, generaals, ontwikkelaars, arbeiders, amptenare en personeel van sy besigheid, sy skepping en sy voorsienige mag te maak wat vir en namens Hom sy besigheid moet instandhou, opbou, ontwikkel of uitbrei nie.

Hy is die Leidsman van sy kinders om hulle so aan die regterhand van God te regeer dat hulle in sy volmaakte liefde leef. Hulle is sy huis en hul kindskap is sy koninkryk.

Dit wys die Nagmaal as sakrament vir ons. Die Nagmaal is nie God se sake-ontbyt met die direkteure, die bedryfsleiers en die bestuurders van sy skepping nie. Die Nagmaal is nie God se militêre dinee vir die generaals en troepe oor sy skepping nie. Die Nagmaal is nie God se staatsbanket vir die leiers in sy skepping nie. Nog minder is die Nagmaal God se jaareindfunksie waarmee Hy sy arbeiders en werkers trakteer nie.

Dit is die liefdesmaal vir en met sy kinders. Die teken dat hy hulle in sy volmaakte liefde laat leef en hul gebroke liefde vir Hom volmaak maak.

5. Ons bly sy kinders en bly in die heerlikheid van sy kinders wanneer “ons bly vashou aan die vrymoedigheid en hoop waarop ons ons beroem.” (2:6) Ons vrymoedigheid en hoop is dat Christus ons vir God se liefde geheilig het deur self die offer vir ons sondes te wees. Dit is die heerlikheid waarvan die Nagmaal teken is.

Ons mag nooit dat die magtiges en geestelikes van hierdie wêreld ons hierdie heerlikheid ontnem of laat verloor nie. Vandag word nog steeds gedoen soos dit

Christus se huis is sy koninkryk en ons is sy huis.

nog altyd met die kinders van God, sy volk, sy kerk gedoen is: ons word opgeroep deur geestelikes om die heerlijkheid van god se koninkryk buite sy huisgesin te gaan soek so asof sy koninkryk buite die kerk in die wêreld en skepping is.

Die stem van die verleiers roep die kinders van God op om hulle heerlijkheid te gaan soek in die mag en krag om deel van God se voorsienige mag en krag te word en namens Hom uit te oefen. So word kinders van God verlei om hulle heerlijkheid te vind in die mag om God se voorsienige gestuur van sy skepping in stand te hou, God se voorsienige mag uit te brei, te vertoon, te bewaar en op ander af te dwing. Ons moet kamstig so God se koninkryk deur ons ondernemings in die wêreld laat kom. So skep hulle die mag dat jy in God se huis net sy kind kan wees maar buite sy huis eers die heerlijkheid kan kry dat jy deel van sy magtige koninkryk is – sy mag waarin Hy alleen die voorsienige God is.

6. Die wêreldse geestelikes se nuwe geestelike koninkryke wat hulle voorhou asof dit Jesus Christus se koninkryk is, kan ons toelig met die voorbeeld van hoe kinders gebruik word om koninkryke op te rig, groter, te maak, in stand te hou en die mag van hierdie koninkryke af te dwing. Dit was die algemene gebruik van kinders in Europa tot en met die jare 1919. Die Engelse koning Henry die Agste wys die gebruik van kinders duidelik. Hy het ses keer getrou, net om 'n seun te probeer verwek om sy koningskap te laat voortgaan, uit te brei en af te dwing. Deur kinders is die koningshuise van Europa net so geskep en in stand gehou. Jy moet kinders kry om jou huis as magsinstelling in die wêreld in stand te hou en te demonstreer. Kinders is instrumente van mag. Dieselfde gebeur vandag in familie besighede wat as internasionale besighede opgebou is – kinders is vir pa's instrumente vir die mag van hul besigheid.

In die Christelike kerke probeer geestelikes vandag hulle koninkryke deur die kinders van God magtig maak. Dit doen hulle deur die onderskeid te maak tussen God se liefde en God se verheerliking. Volgens hulle is die Here se kerk sy huis waarin Hy liefdevol is met sy kinders, maar hulle kan eers aan heerlijkheid deel kry as hulle God se mag in die wêreld oprig en uitbrei.

God se liefde kry jy dan kamstig in die kerk maar God se heerlijkheid kry jy dan in God se koninkryk wat nou sy besigheid buite die kerk is, sy skepping. Daarom moet god se kinders nou buite die kerk van die Here na sy heerlijkheid gaan soek in die geestelikes se magsinstellings binne die wêreld. Om deel van die heerlijkheid van God se koninkryk te wees, moet jy nou opheffingswerk in townships gaan doen, gratis dienste gaan lewer in gemeenskappe anders as jou eie, aktiviste word vir menslike geregtigheid en God se mag in wêreldse instellings vertoon en op ander afdwing met jou morele betersweringheid.

So word gelowiges mislei om nie meer god se huis te glo as sy koninkryk nie maar 'n ander koninkryk van God in die wêreld te gaan soek om deel van God se voorsienige mag te word. So maak hulle van God 'n besigheidsman of koning wat kinders soek om sy mag groter te maak.

God se koninkryk is sy huis, sy kerk, nie die skepping nie. God het nie 'n koninkryk buite sy kerk nie. Die heerlijkheid van sy kinders is dat hulle vir sy liefde vervolmaak

Christus se huis is sy koninkryk en ons is sy huis.

is, nie deur sy liefde gereed gemaak is om God se mag in die wêreld te gaan vertoon en te verteenwoordig nie.